Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

September 2011

Ons Vader, neem ons hande...

Lees binne...

- **Die komende Algemene Kerkvergadering** – 1
- **In stryd met die evangelie van Jesus Christus** – 3
- **Kerk en Fakulteit** – 4
- **Gebaseer op die idee van onderlinge onversoenlikheid** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die komende Algemene Kerkvergadering (Prof Bart Oberholzer)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
  Ons Vader, neem ons hande en maak ons één
  Nog ’n predikant skielik oorlede
- Bl 3 **Buitengewone AKV**
  In stryd met die evangelie van Jesus Christus (Drr Sanrie de Beer en André Botma)
- Bl 4-5 **Kerkwerf**
  Kerk en Fakulteit (Dr Wim Dreyer)
  Bewys van lidmaatskap en attestate (Nándor Sarkady)
  BJ Engelbrecht 01-08-1923 – 21-06-2011 (Prof Bart Oberholzer)
- Bl 6 **Buitengewone AKV**
  Gebaseer op die idee van onderlinge onversoenlikheid (Ds Kobus Celliers)
- Ble 6-7 **Gespreksforum**
  Is ons nog kerk? (Oudl Jan Jordaan)
  ’n Laaste woord oor Bultmann (Ds Gawie Wolmarans)
  Waarom skryf oor Ramadan? (Johan Steyn)
  Liggaamlike opstanding van Jesus Christus (Dr Koos Engelbrecht)
- Agterblad **Oordenking**
  Ons en God se skepping (Ds Errol Sheppard)

Ons Vader,
neem ons hande en maak ons één

Die redakteur, **dr Gerhard Lindeque**, skryf: Verdeeldheid tussen gelowiges word gewoonlik deur misverstand, agterdog en ’n gebrek aan kommunikasie veroorsaak. Eenheid kom weer waar gelowiges met mekaar praat en na mekaar luister en saam fokus op dit wat regtig saakmaak, naamlik om die Here te dien.

Die debat oor die grense van die kerk en die debat oor kerkeenheid het waarskynlik nog maar altyd met mekaar verband gehou. Die manier waarop die saak in Josua 22 hanteer is, is dalk ook vir ons ’n goeie riglyn. Ons moet in die Kerk met mekaar praat en na mekaar luister. Ons moet dink aan die implikasies wat ons optrede en besluite vir die toekoms van die Kerk en mense se verhouding met die Here inhou.

Dalk is die probleem juis dat ons te min met mekaar oor hierdie dinge praat. Ons moet eintlik ons koppe in skaamte laat sak dat ons deur ons broers en susters in die res van die wêreld gedwing word om hieroor te praat en die saak op die spits te dryf. Ons moet egter nie net in die NHKA met mekaar praat nie, maar ook met ander kerke. Daar lê vir ons groot uitdagings voor. In ons geïntegreerde samelewing van vandag kan sake nie meer so eenvoudig soos in die verlede van mekaar geskei word nie. Verstedeliking en die groot getal buitelanders wat oor ons land se grense stroom, bied aan die Kerk nuwe geleenthede. Ons kan nie meer in kategorieë van kleur of ras dink nie. Daar is meer as genoeg werk vir die Kerk. Ons het mekaar nodig om saam te werk daaraan om die uitdagings van ons tyd die hoof te bied. Hieroor sal ons indringend met mekaar moet praat.

Die bedoeling van hierdie sowel as die volgende uitgawe van *Die Hervormer* is juis om die nadenke en debat oor die agendapunte van die buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering te stimuleer. Maar laat ons dit altyd doen in die gees van die gebed wat in Gesang 532 verwoord is:

Ons Vader, neem ons hande en maak ons één.
Versterk U self die bande – gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dade u Naam te eer.

****

Die komende Algemene Kerkvergadering

Prof Bart Oberholzer vra: Die buitengewone byeenkoms van die Algemene Kerkvergadering (AKV) lê voor die deur. Wat gaan dit wees? Gaan die lede van die vergadering ernstig probeer om in die lig van die Heilige Skrif besluite te neem wat die welsyn van die kerk van Christus sal bevorder, of gaan dit ’n kongres wees wat geskoei is op die nie-kerklike gedagtewêreld en waar die metodes gebruik word van die nie-kerklike wêreld?

Gaan die lede van die vergadering daar opdaag na ’n voorafgaande propagandaveldtog, met beskouings wat gegrond is op hulle politieke oortuigings, met vaste opdragte oor hoe om te stem, met lojaliteit uitsluitlik teenoor hulle eie groep?

Daar is net een manier vir die Kerk. Sy vergaderings moet luister wat sê die Bybel, hulle moet vra: Hoe sal God my woorde en dade beoordeel? Dit is natuurlik makliker gesê as gedoen. Dit vra nederigheid en gewilligheid om eerlik na jouself te kyk. En wat die Hervormde Kerk betref, is nodig die gesamentlike en eendragtige nederigheid en gewilligheid om sy geskiedenis onder die skerp lig van die Woord van God te plaas en eerlik te wees. Die buitengewone vergadering sal hard en duidelik moet praat. Daarom sal die vergadering waarskynlik ’n keerpunt verteenwoordig in die geskiedenis van die welwese van die Kerk. Dinge kan nie voortgaan soos dit nou aangaan nie. Die Kommissie van die AKV sal ook opdragte moet ontvang oor die hantering van dergelike optredes in die toekoms. Daar behoort natuurlik nie weer sulke optredes te wees nie. Dit pas nie by die kerk as liggaam van Christus nie. Maar die Kerk is nie sondeloos nie en sal dit nooit wees nie. Daarom is daar dissipline nodig, wat ook beteken onderwerping aan die besluite van die Kerk.

’n Kerk wat uit die genade van sy Heer leef, kan en mag besluite neem onder leiding van die Heilige Gees. Maar alleen na ootmoedige onderwerping aan die Heer van die kerk: *Laat nie my wil nie, maar u wil geskied.* En laat ons almal dit ook weet: God bepaal die weg van die kerk, Christus hou self sy kerk in stand. Ons kan in eiewillige gevangenheid die waarheid jare lank uitstel of probeer wysig na ons smaak, uiteindelik seëvier die wil van God. Dit moet dan ook ons gebed wees voor en in die komende vergadering. Neem besit van ons geeste, Here, bestuur ons, lei ons. Ons soek niks anders nie as dat U sal regeer oor ons, u sondaarkinders, vir wie U die groot en magtige taak gegee het: Wees my kerk, wees net dit.

****

Buitengewone AKV

Was die Hervormde Kerk se goedkeuring van apartheid in stryd met die evangelie van Jesus Christus? **Dr Sanrie de Beer** en **dr André Botma** kyk van verskillende kante na hierdie stelling.

Was die Kerk se goedkeuring van apartheid gebaseer op die idee van onderlinge onversoenlikheid? Ds Kobus Celliers beredeneer dié stelling.

****

Kerkwerf

Dr Wim Dreyer skryf oor die Hervormde Kerk se verhouding met die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria. Die Kerk se argivaris, **Nándor Sarkady**, verduidelik die verskil tussen ’n bewys van lidmaatskap en ’n attestaat. **Prof Bart Oberholzer** skryf ’n waarderingswoord namens die Kerk en die Universiteit van Pretoria oor prof Ben Engelbrecht wat gedurende Junie oorlede is.